Her journey continued on 14 June 2025, when she took part in the Northern Cape Provincial Classic hosted in De Aar. Competing in both the glamour and sports model categories, Iviwe earned a third and fourth place respectively—an outstanding achievement on home ground.

Thanks to her remarkable performances, Iviwe has been selected to compete in the South African Championships, which will take place in Johannesburg on 30 August 2025.

Congratulations, Iviwe! We're incredibly proud of your hard work and success.

Redenaars

Hoërskool De Aar het vanjaar weereens deelgeneem aan die ATKV se nasionale redenaarskompetisie. Ons leerders het goed presteer, met vier leerders wat deurgedring het tot die semi-finale rondte. Ook hier het hulle uitstekend van hulle taak gekwyf en ons skool se naam hoog gehou.

Drie van Hoërskool De Aar se redenaars is in hulle onderskeie kategorieë onder die top-10 in die Noord-Kaap! In die kategorie, Graad 8 en 9, Afrikaans huistaal (voorbereid), het Shanen Koen 'n 4de plek behaal. In die kategorie, Graad 10 tot 12, Afrikaans huistaal (voorbereid), het Marco de Carvalho 'n 5de plek en Adriano de Carvalho 'n 7de plek behaal.

Hoërskool De Aar is voorwaar trots op hierdie uitmuntende redenaars!

Skaak

Die skaakspan van Hoërskool De Aar het in Mei 2025 hul uitsonderlike talent, strategiese vernuf en onwrikbare toewyding in twee belangrike kompetisies ten volle bewys. Hul merkwaardige suksesse het die skool en die breër gemeenskap met trots vervul.

Hopetown Kompetisie (17 Mei 2025)

Tydens hierdie toernooi het die span in twee afdelings uitgeblink en met hul skerp insig en ywer medaljes ingepalm. In die o.15-afdeling het Ryan Boucher 'n bronsmedalje verower, Cherise April 'n silwer in die sak gesteek, en Caelyn Ngudle die goud vir die afdeling geëis. Die o.17-afdeling het ook rede tot viering gegee: Patrick Kitengye het met 'n brons presteer, Alrique May het sy aansien met 'n silwermedalje versterk, en Mbuyiselo Jnr. Madyo het sy briljante vaardighede uitgelig deur die goud te wen.

Spartan Bishop Interstreektoernooi, Kimberley (23–25 Mei 2025)

Die span se toewyding was duidelik by hierdie kompetisie sigbaar. Die belowende Kyle Oberholzer het 'n bronsmedalje in die o.16 Elite-kategorie ingepalm. In die Shield Maiden-kategorie het Cherise April, Caelyn Ngudle en Swazi April elkeen 'n bronsmedalje behaal, wat die span se kreatiewe krag onderstreep het. Thami Madyo het sy bekwaamheid in die o.20 Warrior-kategorie bewys met 'n silwermedalje. Selfs die afrigter, Mn Johnny Hattingh, het sy staal getoon deur 'n silwermedalje in die Parents Elite-kategorie te verower, wat die kragtige samesmelting van ervaring en jeugtalent illustreer.

Hierdie oorwinnings beklemtoon dat skaak nie net 'n spel van diep denke, volharding en dissipline is nie, maar ook dat puik afrigting en samewerking deurslaggewend is vir oorwinning. Die toernooie het die beste spelers uit verskillende streke byeengebring, en Hoërskool De Aar het hul aansien bevestig.

Danksy hierdie uitslae is die span 'n bewys dat harde werk en passie, selfs die grootste hoogtes kan bereik. Al bring die toekoms nuwe uitdagings, bly hulle 'n inspirerende voorbeeld van wat toewyding en oefening kan vermag.

Hokkie

Tydens die April skoolvakansie, het die eerste hokkiespan aan 'n opwindende hokkietoer in Bloemfontein deelgeneem. Dit het nie net hul vaardighede verskerp nie maar, ook kameraderie onder die meisies bevorder.

Die Elsie Coetzer-toer het oor vier dae gestrek, vanaf 4-7 April. Ons het afgeskop met 'n intensiewe oefenkamp in gure weersomstandighede. Vriendskaplike wstryde teen skole van reg oor die land, het die meisies se vaardighede kwaai getoets. Hier het die spelers nie net hul tegniek geslyp nie, maar ook waardevolle ervaring opgedoen en goed voorberei vir die liga-seisoen wat daarna sou volg.

Hierdie toer het nie net bygedra tot fisiese ontwikkeling nie, maar het ook karakter gevorm. Ons sien uit na 'n suksesvolle seisoen met 'n span wat nou sterker, meer gefokus en hechter as ooit is.

Meimaand was propvol aksie vir ons hokkie, met twee belangrike wedstrydgeleenthede wat spangees, uithouvermoë en vaardigheid tot die uiterste beproef het.

Op Saterdag, 17 Mei het albei spanne na Kimberley gereis vir 'n wedstryddag teen Kimberley Girl's High en Hoër Tegniese Skool Kimberley. Ons meisies was in hul element en die volgende uitslae is 'n bewys daarvan. Die eerstespan wen albei hul wstryde oortuigend met 4-0 teen Kimberley Girls High en 10-0 teen Hoër Tegniese Skool Kimberley. Ongelukkig het ons tweedespan 3-0 verloor, maar ons is reg vir die volgende wedstryd.

Op Saterdag, 24 Mei, het ons eerste hokkiespan 'n opwindende tuiswedstryd teen Vaalharts gespeel. Ons spelers het van die begin af hul staal gewys en goeie samewerking op die veld getoon. Die wedstryd was taai, maar ons span het met deursettingsvermoë en slim spel, hul man gestaan. Die Arende stap weg as wenners van die dag met 4-0.

Die gees op en langs die veld was uitstekend. Ondersteuners het hul teenwoordigheid laat voel en die spelers elke tree van die pad aangemoedig.

Netbal

Gedurende die laaste week van kwartaal 1 het ons 1ste netbalspan 'n afrigtingskurses, aangebied deur Dorette Badenhorst, by Sun City bygewoon. Behalwe vir die heerlike ontspanning in die Valley of the waves, is baie goeie netbalervaring opgedoen.

Nege van ons spelers is by die Pixley ka Seme netbalproewe gekies om deel te neem aan die Noord-Kaap Diamante proewe. Op Saterdag 26 April word drie van ons spelers opgeneem in die Noord-Kaap All Ages spanne. Baie geluk aan Taylor van Tonder, o.16, Ndimphuvuyo Wonga, o.15 en Lubulele Hlomela, o.14. Hierdie spelers gaan gedurende die Junievakansie in Boksburg deelneem.

In die Pixley ka Seme liga vaar ons spanne baie goed en al vier dring deur na die Wengersdag wat op 14 Mei gehou word. Verskeie wedstryde word op hierdie dag gespeel. Die o.14 en o.15-spanne tree albei as wenners van die dag uit die stryd. Die o.14-span wen in die finaal teen Hoërskool Douglas en die o.15-span wen hul finaal teen Hoërskool Hopetown. Ons o.17-span verloor ongelukkig in die finaal teen Douglas met een doel. Die eerstespan speel goeie netbal, maar kon ongelukkig nie daarin slaag om die finaal te bereik nie.

Op Saterdag 31 Mei speel die drie spanne te Upington in die Noord-Kaap uitspele. Al drie spanne vaar baie goed. Die o.14-span verloor slegs een van hul poel-wedstryde en dring deur na die semi-finale waar hulle gelykop speel teen Hoërskool Douglas. In ekstra-tyd verloor hulle ongelukkig met 1 doel. Die o.15-span vaar ook baie goed en eindig vierde in die Noord-Kaap. Die o.17-span wen al hul poelwedstryde en kom te staan teen Hoërskool Diamantveld in die semi-finale. Hul eindig derde in die Noord-Kaap.

Ons speel ook in die Medium-skole liga en speel ook verskeie vriendskaplike wedstryde gedurende die kwartaal. Op die stadium is ons o.14 en o.17-spanne verseker van 'n plek in die kwarteindronde vir die Medium-skole liga. Die finale uitspeelronde vir die liga is teen Hartswater met ons interskole op 26 Julie.

Karate

Three learners from De Aar High School-Tshiamo Mashishi, Leenay de Vos, and Olereko Mjandana-represented the school with pride at the Free State JKA Provincial Karate Championships held in Bloemfontein on Saturday, 29 March 2025.

Tshiamo achieved outstanding results, earning a silver medal in Kata and a gold medal in Kumite. Leenay received a bronze medal in Kata, while Olereko secured a silver in Kata and a bronze in Kumite.

Their success continued at the National Karate Championships in Johannesburg on 23 May 2025. Tshiamo once again stood out with a silver medal in Kata, Leenay took home a bronze in Kumite, and Olereko earned another silver medal in Kata.

Congratulations to these talented karatekas for their dedication and exceptional performances!

Pom-pom dancers

Our cheerleaders play a crucial role in enhancing the atmosphere of the games, promoting school spirit, and supporting the rugby team. The cheerleading squad performed at various rugby matches this term, showcasing a variety of routines that included cheers, dance, and stunts. Their performances were well-rehearsed, energetic, and popular with both crowds and players.

The cheerleading squad's presence at rugby matches has positively impacted team morale and audience enjoyment. Their efforts not only lifted the spirits of the rugby players, but also created an electrifying atmosphere that was enjoyed by all attendees. #ProudEagles!!!

Rugby

Die rugbyseisoen vir kwartaal 2 het vir ons spanne met groot opgewondenheid begin. Die Onder 15-span het drie wedstryde gespeel en daarin geslaag om een daarvan te wen. Hoewel die uitslae nie heeltemal was waarop ons gehoop het nie, het die spelers deurentyd goeie gees, vasberadenheid en samewerking getoon. Ons is trots op hul volharding en sien uit na verdere groei en verbetering in die volgende kwartaal.

Die o.17-span het die kwartaal op 'n hoë noot begin met 'n kragmeting teen Middelburg. Na 'n taai wedstryd het hulle daarin geslaag om die wedstryd met 26–12 te wen. Hierna het hulle ligawedstryde teen Hopetown en Vaalharts gespeel en albei wedstryde oortuigend gewen, boonop met bonuspunte. Die span het uitstekende samewerking en vaardigheid getoon, en hul prestasie is 'n inspirasie vir die res van die skool se rugby.

Die 1ste span het 'n wipplankseisoen beleef deur twee van hul vier wedstryde te wen. Hierdie gemengde uitslae maak dit uitdagend om vir 'n tuis kwarteindronde te kwalifiseer. Die span sal egter 'n belangrike wedstryd teen Hartswater aan die begin van kwartaal 3 moet wen, en dit met 'n bonuspunt, om dié doelwit te bereik. Ons is vol vertroue dat die seuns, wat aan verskeie rugbytoere gedurende die Junie-vakansie deelneem, wedstrydfiks sal bly en gereed sal wees om sterk terug te keer.

Sportgroete

Toutrek

Hoërskool De Aar se toutrekkers het tussen 21 en 22 Maart 2025 aan die Suid-Afrikaanse Junior Toutrek Kampioenskappe in Mosselbaai deelgeneem. Dit was 'n opwindende geleentheid waar hulle teen van die land se topspanne meegeging het in verskeie gewigskategorieë. Deur harde werk, ure se voorbereiding en uitstekende spanwerk, het die leerders hul staal gewys en puik gevaaar. In die 520 kg gemengde afdeling het De Aar vierde geëindig uit nege spanne, terwyl die 480 kg dogterspan vyfde uit tien spanne behaal het- 'n prestasie waarop die hele skool trots kan wees.

Verder het vier Hoërskool De Aar-leerders van 12 tot 14 Junie 2025 aan die SA Senior Open Klubkampioenskappe in Kimberley deelgeneem: Phillip Wiid, Zanri Dumas, Lumieke Fourie en Ohann Diedericks. Hulle het met groot toewyding meegeging en besonder goed gevaaar. 'n Hoogtepunt was dat Zanri Dumas gekies is om die SA Gazelle-span te verteenwoordig in 'n internasionale klubkompetisie op 15 Junie 2025 teen lande soos Ierland, Pole, England en Zimbabwe.

Hoërskool De Aar is trots op al sy toutrekkers wat hul skool se naam met hoog gehou het!

VCSV/UCSA

The UCSA had a blessed term. We are grateful for the weekly opportunities to share good news to our scholars and we inspire to make a difference, however small it might be, in and around the school.

Daily we work to bridge the gap by providing fruit to those in need through our 'Apple-a-day' project. We are grateful to anonymous donors. We also have sandwiches and soup and basics we distribute. God provides this and we help each other - life is fragile and what we have is grace alone.

Die ACVV het kom op tree en gesels oor 'Woede en die Hantering daarvan' en ons het ook 'n gesellige 'Sing Songs' gehad.

Ons sien uit na Kwartaal 3 se Madiba Stap!! Word solank fiks.

SGB INVESTS IN MOTIVATIONAL SPEAKER

The well-known radio personality from Baasraak Radio, Freek Vermaak, visited De Aar High school this term. His message was clear. God can turn around the Underdog to become a TOP DOG!

From his own testimony he encouraged learners to hold on and not lose faith. Whether at home, at school, with academics or bullies, whatever the case may be, there is always the possibility to rise. He referred to his own life, one of being labelled, mock, bullied and raised in poverty, but.... BUT GOD!

He encouraged learners to forgive, to believe and to do right even when no else, does. That way, you can become a top dog!!

We are always grateful for opportunities like this, where our learners are encouraged by role models outside of school, who give real-life examples on how to navigate everyday life.

Learner Support Services

We are most in debt to Mrs Z Makaleni, our school's social worker and counsellor. She visits the school weekly and supports many of our learners. She has great passion and is a real listener. The learners benefit greatly from her wisdom and most willingly visit her for advice. These services are strictly confidential and are yet another support mechanism for our learners, in need. Feel free to contact the school if your child is in need of support.

Tienerselfdood: Trauma, tekens en terapie

Gemeenskappe is die laaste tyd geruk deur selfdood van talle tieners. Tienerselfdood is aan die toeneem en 'n hoë risikogroep is beslis ouderdomme tussen 9 en 18 jaar.

Dit is belangrik dat dreigemente ernstig opgeneem word en dat tieners moet weet dat selfdoodgedagtes nie die oplossing is nie. Ouers moet weer op hul beurt besef dat tieners alles in oortreffende trap beleef. Hetsy 'n verhouding opbreek, 'n geliefde sterf, ouers baklei of die tiener afgeknou word, dit beïnvloed hul emosies radikaal. Die gebrek aan die verstaan van 'n tiener se leefwêreld, veroorsaak donker stiltes en skep afstand.

Skep gehaltetyd saam en gee aandag aan u tiener. Eet saam rondom 'n tafel, vra na mekaar se welstand, en al gee die tiener 'n ontwykende, kil antwoord, hou aan met uitreik en ondersteuning. Wees bedag op gedragsprobleme, gemoedskommeling en wesentlike veranderinge, byvoorbeeld in vriendekringe, kleredrag of gewoontjies.

Ontmoedig partytjies en verhoudinge met ouer en nie-skoolgaande jeug. Verhoed dat u kind deur sosiale media ingesluk word. Handhaaf u huisreëls al skop die tiener daarteen, byvoorbeeld veilige inkomtye. Uit ons ervaring by die skool, is dit juis in middernagtelike ure dat die afskuwelike krisisse plaasvind.

Ons is terdeë bewus daarvan dat tieners weens hormone, groepsdruk en ontwikkelingsfases stormagtig op tree en ons besef ouerskap kan uitdagend wees. Staan vas - dit gaan ook verbygaan en dan sal u die vrug van u moeite pluk. (Sien "Ouerskap/Selfdood-Maroela Media")

Buitemuurse Program – Kwartaal 3

Maandag

13:45 – 14:45	Grade 8 English extra classes
13:45 – 14:45	Graad 9 Afrikaans ekstra klasse
14:00 – 15:00	Gym
14:00 – 15:00	Wiskunde Gr 12 ekstra klas
14:15 – 16:00	Dogters/Seuns spantennis
15:00 – 16:00	Koor/Choir
15:30 – 17:00	Rugby/Netbal/Hokkie
17:00 – 18:00	Toneel

Dinsdag

13:45 – 14:30	VCSC Kringleiers toerusting
13:45 – 14:45	Wiskunde Graad 8
14:00 – 15:00	Gym
14:30 – 15:30	Graad 12 LBT Prakties
15:30 – 17:00	Access to computer-classes/Type of assignments
15:00 – 16:00	Skaak/Chess
15:30 – 17:00	Netbal/Hokkie
16:00 – 17:00	Rugby
16:45 – 17:45	Pompom-dancers

Woensdag

13:45 – 15:00	Graad 8 Afrikaans ekstra klasse
13:45 – 15:00	Grade 9 English extra classes
14:00 – 15:00	Gym
13:45 – 14:45	Graad 12 Besigheidstudies/Toerisme/Fisiese Wetenskappe ekstra klas
14:00 – 15:00	Graad 10en 11 Wiskunde ekstra klasse
14:15 – 15:15	Readers are leaders/Tik van take
14:45 – 15:45	Debat/Redenaars
15:00 – 16:00	Koor/Choir
16:00 – 18:00	Toneel

Donderdag

13:45 – 14:45	Graad 9 Wiskunde ekstra klasse
13:45 – 14:45	Graad 12 Ekonomiese Lewenswetenskappe/CAT ekstra klasse
14:15 – 15:15	Readers are leaders/Tik van take
15:00 – 16:00	Skaak/Chess
14:15 – 16:00	Dogters/Seuns spantennis
15:30 – 17:00	Rugby/Netbal/Hokkie
16:45 – 17:45	Pompom-dancers



HSDA: DATUMLYS KWARTAAL 3 VAN 2025

JULIE 2025

TUE	22	Skool open 07:30 - Wintertye. Verdaag 13:45 Rapportafskeurstrokies en koeverte terug	Blazers and ties compulsory
WED	23	Rapportafskeurstrokies en koeverte terug School Spirit day	Skool begin 07:15
THU	24	Groot Brag Bloedskenk	Geesdag Rekeninge aan ouers – sms
FRI	25	Detensie	Portfolios to Parents – SMS
SAT	26	Interskole vs Hartswater (Tuis)	
MON	28	Portfolios returned from Parents Skool begin Maandae 07:20 MADIBADAG - 67min walk for cancer - R5 – Pienk strikkie	Afsprake vir oueraand begin Sluitingsdatum Gr 10 Vakveranderings
TUE	29	LO Gr 12-Voorbereidingseksamen	
WED	30	Denzil Moses (Leerderontwikkeling)	
THU	31	Denzil Moses & Jarryd (Leerderontwikkeling)	SAMO Wisk Olimpiade Rondte 3

AUGUSTUS 2025

FRI	1	Detensie “Calc-oholic” uitdaging – Finale Ronde	Ouerafsprake eindig
SAT	2	GW Q-final Rugby	
MON	4	Intervensië 3: Oueraand 17:15	
TUE	5	Fotodag Gr.10 Oueraand: Motivering. Learners and parents 17:15	Gr 12 Toerisme PAT
WED	6	“Bring-‘n-Broodjie” CSV Projek	Gr 12 Toerisme PAT
THU	7	Toneel Kleedrepetisie: WENSDENKERY	
FRI	8	Detensie	Toneel: WENSDENKERY
SAT	9	Nasionale Vrouuedag GW/NK Rugby/Netbal/Hokkie Semi's	Skaak Hopetown
MON	11	Finansiële Komitee 17:15 (Ook begroting) Eistedfodd	Eksterne Dissiplinêre verhore 17:00 Gr 9, 11 en 12 Psigologiese toetse
TUE	12	Oscaraand Eistedfodd	Psigologiese Toetse terugvoer Interne Dissiplinêre verhore
WED	13	Eistedfodd	
THU	14	Eistedfodd	ATKV Tienertoneel (Bloemfontein)
FRI	15	Detensie	Eistedfodd
SAT	16	Eskom Expo Kimberley GW Rugby/ NK Netbal Finale	Skaak Douglas
MON	18	SBL Vergadering 17:15 (Ook begroting) Eduvos Career Day HSDA	FAK Toneelfees Bloemfontein
TUE	19	Gr 9 Oueraand vakkeuse - 17:15	Eksamenerrooster vir leerders
WED	20	BLOEDSKENK	
THU	21	SR-vergadering Rekeninge aan ouers – sms	Verbruikerstudie Olimpiade
FRI	22	Detensie	Skaak NC Closed
SAT	23	Skaak NC Closed	ATKV Karootoneelfees Vic-Wes
SUN	24	Skaak NC Closed	
THU	28	Begrotingsvergadering van 29/9: Kennisgewing aan Ouers	
FRI	29	Gr 12 Voorbereidingseksamen begin	Detensie
SAT	30	Alpha Skaak	

SEPTEMBER 2025

MON	1	Gr 12 LO CAT NSC	Begroting lê ter insae
THU	4	Toutrek – JNR World Champs (England)	
FRI	5	Detensie Loslitdag	Toutrek – JNR World Champs (England)
SAT	6	Toutrek – JNR World Champs (England)	

SUN	7	Toutrek – JNR World Champs (England)	
MON	8	Finansiële Komitee 17:15 Eksterne Dissiplinêre verhore 17:00	
TUE	9	Interne Dissiplinêre verhore	
FRI	12	Detensie Mini-eksamen begin	Karoo Tennistoernooi
SAT	13	Karoo Tennistoernooi	
MON	15	Kontroleer Arendpunte in eksamen	SBL Vergadering 17:15
THU	18	Rekeninge aan ouers – sms	
FRI	19	Detensie	
WED	24	Heritage day	
THU	25	Mini-eksamen eindig Kontroleer punte	Melodrama- Sitplekvertoning
FRI	26	Detensie Graad 12-eksamen eindig	Kontroleer punte Gr 8-11
MON	29	HSDA 1ste Ouervergadering: Begroting-17:15 NB ID's	Gr 11 tot 12 Skoolbywoning verpligtend
TUE	30	Kontroleer Raporte	


OKTOBER 2025

WED	1	Skool se verjaarsdag	
THU	2	Deel Raporte uit as skool verdaag aan leerders in skool	Matriekafskheid/Gr 12 Funksie
FRI	3	Skole sluit Raporte: 08:00 tot 09:00	
MON	6	LENTESKOOL	
TUE	7	LENTESKOOL	
WED	8	LENTESKOOL	
THU	9	LENTESKOOL	
MON	13	Skool open 07:30 Somertye. Verdaag 13:30. Vrydae 13:15 Rapportafskeurstrokies en koeverte terug Inoefening vlagseremonie	SR Vergadering 13:30 NO BEANIES ALLOWED
TUE	14	Skool begin somertye 07:00 Rapportafskeurstrokies en koeverte terug	Inoefening vlagseremonie
WED	15		Inoefening vlagseremonie
THU	16	Toekenningsgeleentheid 18:30	Inoefening vlagseremonie
FRI	17	Gr12 uitstapdag - 07:00	Detensie
SAT	18	Kleure Atletiek	HSDA Skaak
MON	20	Skool begin Maandae om 07:10 HSDA 2 de Ouervergadering: Begroting - 17:15 NB ID's	Finansiële Komitee 16:15 Eksterne Dissiplinêre verhore 17:00
TUE	21	NSS Eksamien begin	
FRI	24	Skoolfondsvorms/POPI/Vrywarings vorms 2026 uit – Ouers self gee in by Me Myburgh – NIE Reg Ond	Novels Tennis Classic SR Kamp
SAT	25	SR Kamp	Novels Tennis Classic



HSDA SPOGBLAD

HOKKIE
NK PLATTELAND 0/16
Jaime Vilander



HOKKIE
NK 0/14 – IPT
Moipone Matebesi



HOKKIE NOORD-KAAP PLATTELAND 0/18
Isabel J van Rensburg, Farren Duthie, Karia Erasmus, Jaybee Matteus



HOKKIE
TOERSPAN NA NEDERLAND EN DUITSLAND
Michyela Oelofsen, Abulele Baartman, Gizella Krull, Karia Erasmus, Mac-Kayla Kriel, Katelynn Pretorius, Isabel J van Rensburg, Anke Barnard (inlas)



NK NETBAL – “ALL AGES” TOERNOOI

Taylor van Tonder (o.16), Ndimphuvuyo Wonga (0.15),
Lubulele Hlomela (o.14)




RUGBY
GW VKB PLATTELAND 0.16
Sergio Louw, Joshua Sequeira,
Cohlen Isaacs



RUGBY O.15 SPARWEEK

Saheed Mukhadir, Abiguno Steneveldt,
Sisa Cofa, Dihan du Toit,
Miviwe Sam, Laythim Jarvis

GW VKB Rugby 0.19 - Lolwethu Hila



RUGBY 0.17 SPARWEEK

Avuswa Diamond, Marnu Deyzel, J.P van der Westhuizen, Myron Maclean, Adian Maclean, Waylen Siljeur, Johandré Ungerer, Darrian Brown, Landon Oliphant, Ambeswa Mjandana




AFRIGTERS

Mnr. Meyer is as spanbestuurder vir die Rugby o.16-Grant Khomo en as hoofafrigter vir die o.17-ITP 7's rugby week gekies

Juffrou Oosthuizen is as die Hokkie Platteland onder 16-spanbestuurder gekies. Juffrou Burger is as die Hokkie Platteland onder 18-hoofafrigter en Platteland onder 16-Assistentafrigter verkies. Mnr. Lance van Wyk is as rugby hulpafrigter Grant Khomo gekies.

NOORD-KAAP TENNIS

Dihan du Toit(inlas), Handré Fourie, Marco de Carvalho, Christine Bester, Abijah Greyling





SA CRICKET IN INDIA
Adriano de Carvalho



NC CRICKET

Adriano de Carvalho and Senzo Fillis participated in the National Rural u/15 Cricket festival in Sasolburg.



NK 0.13 KRIEKET
Laythime Jarvis



NK 0.17 KRIEKET
PLATTELAND
SPAN

Reid du Toit



WORLD CHAMPIONSHIPS OF PERFORMING ARTS

Karia Erasmus – “Team SA” in Los Angeles



REDENAARS ONDER TOP 10 IN NOORD-KAAP!
In die kategorie, Graad 8 en 9, Afrikaans Huistaal (voorbereid), het Shanen Koen ‘n 4de plek behaal. In die kategorie, Graad 10 tot 12, Afrikaans Huistaal (voorbereid), het Marco de Carvalho ‘n 5de plek en Adriano de Carvalho ‘n 7de plek behaal.

HSDA SPRINGBOK

BOAN VENTER, ‘n oud-skolier van Hoërskool De Aar en SA skole rugbyspeler 2015, is na die SA springbok rugby span oefengroep, opgeroep vir die wedstryd teen die Barbarians.

Hoërskool De Aar en die dorp is voorwaar trots op Boan se besonderse prestasie.

Boan speel tans in Skotland vir Edinburgh rugby waar hy gekontrakteer is.

Mission

The top school in the province, with a strong shared ethical value system which attracts learners through our ability to be inclusive while equipping them with both academic and healthy life principles, in order to step into the professional world effectively.

We attain this through innovative problemsolving and improvisation and co-operation of all the stakeholders.

Missie

Om dié topskool in die provinsie te wees met 'n sterk waardesisteem wat leerders lok deur ons vermoë om op 'n inklusiewe basis, ons leerders holisties te ontwikkel, om sodoende effekief tot die volwasse beroepswêreld toe te tree.

Ons doen dit deur innoverende probleemoplossing met die samewerking van alle belanghebbendes.

Vision

A leading multi-cultural and dual-medium educational institution of excellence, that provides education of a Christian nature to equip young people to be assertive in all sectors of the South African society.

Visie

'n Toonaangewende multikulturele en dubbel-medium onderwysinstelling van uitnemendheid wat opvoedende onderrig met Christelike waardes lewer, en jongmense toerus om verantwoordelik te wees in alle sektore van die Suid-Afrikaanse samelewing.



